**I.M.S.**
Vol. 1 No. 22

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 AUG 1961
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,
23 Junie 1961

## LONE VAN ONGESKOOLDE ARBEIDERS

Die Raad het 'n tyd gelede 'n ondersoek gelas na die lone van die daagliks-betaalde ongeskoolde arbeiders waarvan daar tans ongeveer 260 in diens van die Munisipaliteit is. Van hierdie getal is sowat 230 Kleurlinge. Na heelwat voorbereidende werk is die volgende besluite op die jongste vergadering geneem:

(a) 'n Basiese loonskaal van 12c x 1c — 22c per uur is goedgekeur. Die ou skaal het van 10½c tot 16c geloop. Om mee te begin word 'n 50% aanpassing volgens diensjare by genoemde nuwe skaal nou gedoen. Die beraamde addisionele koste vir die Raad sal plus-minus R8,000 per jaar wees.

(b) Daar word ondersoek ingestel na die moontlikheid van 'n pensioenskema vir bogenoemde arbeiders met 'n lang dienstermyn.

(c) Die Raad gaan dadelik daartoe oor om 'n voedingskema vir hierdie arbeiders op die proef te stel vir 'n tydperk van 6 maande. Elke werknemer sal daagliks 'n beker sop ontvang gemaak van die Protone soppoeier, wat reeds elders in ons land en ook buite ons grense met groot sukses aangewend is. Die sop wat op die wyse gemaak word, het 'n hoë voedingswaarde en daar word gehoop dat die werkers groot baat daarby sal vind.

## DIE DU PLESSIS-STANDBEELD

Die Raad het die sienswyse van lede van die oorspronklike komitee wat die standbeeld laat oprig het, ingewin en daar is besluit om dit op dieselfde plek te herstel waar die onbekende vandaliste dit beskadig het. Daar sal nog hierdie week met die herstelwerk begin word.

## ROOSTUIN OP DIE BRAAK

Sowel die Nasionale Monumente-Kommissie as die Stadsraad het hulle goedkeuring daaraan geheg dat die aanbod van

die Rotariërklub om op dié deel van die Braak wat tussen die Anglikaanse Kerk en die sypad aan die westekant van Birdstraat geleë is 'n roostuin aan te lê. Dit word gevoel dat hierdie deel van die Braak 'n klein eenheid vorm en dat die geheelindruk wat die mooi plein maak, nie bederf sal word deur die voorgestelde verfraaiing nie. Die Rotariërs het onderneem om die tuin te onderhou.

**DIE STIGTING SIMON VAN DER STEL**

Die Raad beywer hom om die hoofkantoor van die Stigting na Stellenbosch verplaas te kry en op die jaarvergadering van die Stigting later vanjaar sal so 'n voorstel namens Stellenbosch dien. 'n Memorandum ter ondersteuning van die versoek is deur Rdle. prof. F. Smuts en C. M. Booysen opgestel en deur die Raad goedgekeur.

**BOTMASKOP-HUURHUISE**

Die feite wat aanleiding gegee het tot die uitsetting van 19 huurders in daardie gebied is nou reeds oorbekend maar kan tog vir algemene inligting weer hier herhaal word:

(a) Op 31 Desember 1959 het die Raad agterstallige huurgelde van ongeveer R2,000 afgeskryf. Huurgelde is 30c en 60c per week.

(b) 'n Persoonlike brief is aan elke huurder in Januarie en Februarie afgelewer.

(c) Nadat hierdie kennisgewing uitgestuur is het huurders weer agterstallig geraak en hulle is gedurende Junie weer skriftelik gewaarsku.

(d) In Oktober 1960 het alle bewoners statutêre huurders geword. Op hierdie stadium was 19 huurders ongeveer R170 agterstallig.

(e) Gedurende Maart vanjaar is die 19 gevalle aan die Raad se Prokureur vir uitsetting oorhandig.

(f) As gevolg van vertoë wat tot die Raad gerig is, is die aangeleentheid weer bespreek en is die uitsetting dus vertraag. Gedurende hierdie tydperk was die betrokke huurders bewus daarvan dat hulle die huise moet verlaat.

(g) Uiteindelik is besluit om met die uitsetting voort te gaan en verlede Maandag het die Bode van die Hof daartoe oorgegaan.

(h) Die afgelope paar dae is vertoë tot die Burgemeester gerig om verdere uitstel te verleen veral met die oog op die winterweer. Woensdagmiddag het sewe raadslede 'n lang informele bespreking gevoer en is daar besluit om hulle verdere verblyf tot einde Oktober te verleen. Intussen sal verskillende instansies help om ander huisvesting vir die mense te verkry.

## KLEURLING-BEHUISINGSKEMAS

Die munisipale personeel gaan voort met die voorbereiding van planne en spesifikasies vir verdere Kleurlingbehuising om en by Idasvallei. Die beplanning is nog in 'n baie vroeë stadium en daar moet ook nog onderhandel word insake die verkryging van sekere stukke grond, maar sowat 100 ekonomiese en 100 sub-ekonomiese huise word in die vooruitsig gestel.

---

30th June, 1961.

## IDAS VALLEY DAM

I have recently stated that the Idas Valley Dam is filling up most satisfactorily. Last week the dam was full to overflowing. With the greater part of the rainy season still ahead, it will now be possible to open the scour valves and drain off sludge as far as it is necessary. The new 12″ main from Jonkershoek has proved to be completely successful.

## TREE PLANTING

Thusfar approximately 50,000 trees have been planted during this year. On the Papegaaiberg area, where a fire took place last year, and at Valley Lustre and Louws Hoogte, pines have been planted. At Botmaskop gums have been put in in order to provide an effective fire belt. The planting programme is proceeding.

## TOWN HALL IMPROVEMENTS

The floors in the two halls, the passages and the foyer have been sanded, sealed and given a phenolic dressing over which wax is applied. Although it will take some weeks before the full effect will be obtained, we are satisfied that a considerable improvement has been brought about. Particularly in the grand hall it was always a pity that the floors were so grey and colourless compared to the teak pannelling.

Some rather serious leaks have developed in the roof, mainly over the gallery, and these are being carefully attended to. The copper roofing over the main entrance will have to be replaced in order to avoid serious damage.

## USE ZONING IN VAN RIEBEECK STREET AND THE AREA TO THE SOUTH OF IT

The Council feels that a judicious selection of areas that should be zoned for special residential purposes (dwelling houses only) and of areas that might be zoned for general residential purposes (flats, etc.) with due consideration for traffic problems, is due. At the same time care must be taken that the preservation of the character of the central or older parts of the town is borne in mind.

## PROVINCIAL LIBRARY SCHEME

The sub-committee of the Council, viz. Councillors Dr. J. C. de Wet, Dr. Erika Theron and Mr. C. M. Booysen, recently met to discuss this matter.

The main problem has been the question of costs — not only running costs but also the capital outlay required for the provision of a suitable building. It is, however, possible that existing buildings could be adapted for this purpose. The Director of the Provincial Library Scheme has, therefore, been asked to carry out a thorough inspection and to state specifically what concessions the Provincial Administration would be prepared to allow in the particular case of Stellenbosch as regards the standard requirements which they usually impose.

## MUSEUM MATTERS

Council acknowledges with sincere gratitude the receipt of the following:

(a) An embroidered petticoat from Mrs. Manie Roux;

(b) A photograph of the first Stellenbosch ambulance with members of the committee that took up the matter of providing it — from Mrs. G. G. Cillié;

(c) A photograph of the Stellenbosch Tennis Club of 1893 — in this case the donor did not leave a name when handing over the photograph, and I should be glad if he/she would communicate with me;

(d) Further gifts of interesting photo's and books have also been promised by Councillor J. H. de Wet.

In view of the preparations for the celebration of the three hundredth year of the existence of your town, I would like to repeat my appeal to the public not to destroy any old photo's or antiques which they have in their possession.

## MOBILE RADIO INSTALLATIONS

The "Walkie-talkie" sets that have been provided so far have proved such a great success in expediting work and reducing operational costs, that the Council resolved to also install the equipment in the vehicle of the Production Engineer of the Public Works Department.

## BUILDING OF FURTHER HOUSING SCHEMES

Council has asked Councillor Dr. Erika Theron and Councillors T. N. Pauw and C. F. D. Smith with the Mayor, to form a committee which will thoroughly investigate the possibilities of providing further housing for both Europeans and Non-Europeans.

## RELAXATION OF CERTAIN PROVISIONS OF THE ROADS ORDINANCE FOR MEDICAL PRACTITIONERS

Council has resolved to put a scheme to the test whereby medical practitioners will be exempted from certain parking

restrictions, providing they display an approved sign on their cars. The reasons are obvious and I think that, with the full co-operation of the medical practitioners themselves, a lot of good, particularly in urgent cases, may result.

---

7 Julie 1961

**VERBREDING VAN PLEINSTRAAT**

Die Raad het besluit om voort te gaan met die verdere verbreding van Pleinstraat en die Noordekant van die straat word nou aangepak. Daar sal begin word by die Poskantoorhoek en, indien beskikbare fondse dit toelaat, sal die verbreding voortgaan tot by die bopunt van Pleinstraat, waar die ou Uitspangebou afgebreek word. Daar sal nou 'n addisionele 3 tot 3½ voet ryvlak bygekry word, wat tot groot voordeel vir motoriste behoort te wees.

**ONDER-BURGEMEESTER**

Dit was vir my en my mede-raadslede besonder aangenaam om hierdie week vir die Onder-burgemeester, raadslid S. W. J. Liebenberg, op die Raad terug te verwelkom. Daar kan geen twyfel wees nie dat sy rus van ongeveer 2 maande in Natal veel bygedra het tot die groot verbetering wat in sy gesondheid ingetree het. Ons sien uit na sy hulp op Raads- en komitee-vergaderings.

**MUNISIPALE KIESERSLYS**

Die aandag word weer daarop gevestig dat die Hersieningshof ten opsigte van die jaarlikse hersiening van die Munisipale Kieserslys, eerskomende Dinsdag, 11 Julie om 10 vm. in die Raadsaal vergader.

Die lyste van nuwe aansoeke, sowel as van diegene teen wie se name beswaar ingedien is, is nou ter insae in die kantoor. Laasgenoemde persone word almal skriftelik in kennis gestel van sodanige besware.

Die sitting van die Hersieningshof is oop vir die publiek.

**NUWE BOUWERK OP STELLENBOSCH**

'n Paar interessante gegewens t.o.v. bouwerk is aan my verstrek deur ons Munisipale argitek. Stellenbosch se onlangse vooruitgang word weerspieël deur die feit dat bouplanne ten bedrae van R1,116,800 goedgekeur is gedurende die eerste helfte van 1961. Soos verwag kan word, is die grootste persentasie daarvan ten opsigte van Universiteits- en Regeringsgeboue.

Gedurende Aprilmaand was dit in die Kaapprovinsie net Kaapstad wat bouplanne met 'n hoër skatting as Stellenbosch goedgekeur het, en daardie maand was ons vyfde hoogste in die hele Republiek. Slegs Johannesburg, Kaapstad, Durban en

Pretoria het bouwerk met 'n hoër waarde gerapporteer. Vir April was die syfer in Stellenbosch R743,360 waarvan R691,360 onbelasbare eiendom verteenwoordig en slegs R52,000 belasbaar is. Waar onbelasbare eiendom teen die einde van 1960 reeds 35% van die totale munisipale waardasie uitgemaak het, wil dit voorkom asof die hele posisie heelwat ongunstiger teen die einde van dié jaar sal wees. Dit is die dilemma waarin Stellenbosch hom bevind.

**VOORGESTELDE NUWE SLAGPLAAS**

Daar word steeds gewerk aan die beplanning van die nuwe slagplaas en 'n senior verteenwoordiger van die Vleisraad het onlangs samesprekings in dié verband kom voer.

Die vraagstuk of verkoelingsgeriewe verskaf sal word is deeglik met hom bespreek. Ofskoon so 'n installasie 'n aansienlike persentasie van die koste sal verteenwoordig, voel die Raad dat dit vandag so essensieël is dat nie daarvan afgesien kan word nie. Die Vleisraad word dus gevra om hierdie diens wel goed te keur.

Na aanleiding van sekere nuwe ontwikkelings in slagplaasbeplanning en sekere beleidsveranderings wat ingetree het, sal daar ook verskeie veranderings aan die voorlopige planne aangebring word. Hierdie veranderings behoort ook 'n vermindering van koste tot gevolg te hê. Die Raad se standpunt is dat die nuwe slagplaas, insluitende verkoelingsgeriewe, nie meer dan R90,000 moet kos nie.

**ONAANGENAME REUK NABY STASIE**

Die Raad is bewus daarvan dat inwoners in die omgewing van die spoorwegstasie soms 'n onaangename reuk, afkomstig van stokery-afvloeisel, ondervind.

Daar word tans met die betrokke firma onderhandel om te verneem of enige verligting onder huidige omstandighede moontlik is. Dit is om tegniese redes ongelukkig onmoontlik om hierdie afloop in die rioolskema op te neem. Die Wetenskaplike en Nywerheids-navorsingsraad is al vir etlike jare besig met eksperimente in hierdie verband, en die hoop word gekoester dat 'n oplossing wel gevind sal word.

Die Raad is bewus van die ongerief wat inwoners elders in ons dorp ook moet verduur as gevolg van die wynafloop en hy sien uit daarna om die hele probleem blywend op te los. Dit sal bes moontlik nog 'n ruk duur, maar intussen doen die Raad alles om die onaangenaamheid tot 'n minimum te beperk.

---

14th July, 1961.

**INTERRUPTION OF ELECTRICITY SUPPLY**

The Council wishes to extend its sincere sympathy to the residents of Simonswyk and Universiteitsoord, who have had

to endure the long week-end without electricity supply, apart from having had a week-end under similar conditions a fortnight ago.

These power interruptions occurred as a result of faults developing in the cable supplying this area. It was extremely unfortunate that on both occasions the damage occurred just at the beginning of a week-end, with the result that we were unable to obtain the assistance of the Electricity Supply Commission in locating and repairing the faults. I would like, however, to record our thanks for considerable assistance given by Paarl Municipality.

The Municipal Staff have been on the job night and day since the last fault occurred. It was considered advisable to replace the old cable, which may give trouble again, with a new one although it is an extremely costly item. At the time of writing the work has not been completed but it is being expedited by every means at our disposal and I trust that matters will be in order when this is published.

The whole occurrence once again emphasized the great necessity and indeed urgency of the change-over scheme for improvement of the town's electricity supply submitted to the ratepayers some time ago. A considerable amount of money is involved but there can be no doubt that it will be money well spent, even at the cost of higher electricity tariffs. After completion, such interruptions of supply should be something of the past in that it will be possible to supply the various sections of the town along alternative routes. It may be noted that the various contracts entered into in respect of the change-over, provide for the scheme to be completed before next winter.

**SIDEWALK IMPROVEMENTS**

The following details of improvements for sidewalks which will be carried out during the rest of the year, are now available:

| | |
|---|---|
| Andringa Street — tarring of the sidewalk on the eastern side of the street, from Plein Street to Crozier Street ... ... ... ... ... ... ... | R225 |
| Banhoek Road — Kerbing and construction of sidewalk along the northern side of the street ... | R750 |
| Idas Valley — R800 to be spent on tarring and/or constructions. | |
| Papegaai Street — Kerbing and construction of sidewalk ... ... ... ... ... ... ... ... | R1,500 |
| Marais Street — Kerbing and construction of sidewalk ... ... ... ... ... ... ... ... ... | R1,000 |
| De Beer Street — Kerbing and construction of sidewalk ... ... ... ... ... ... ... ... | R1,450 |

Apart from the convenience to pedestrians, these works will also be of great assistance in regard to better stormwater drainage.

**COLOURED HOUSING**

Two special meetings were held at the end of last month with a view to the provision of further housing for Coloureds. Council was fortunate in obtaining the assistance of Mr. Yeld of the Citizens Housing League, an organisation that has provided hundreds of homes in the Cape Town area.

The greatest need in Stellenbosch is undoubtedly housing for the lower Coloured income group — people who cannot afford to pay more than R8 per month at the utmost, for which it is hoped that sub-economic loans will be obtained. In view of the limited means of the prospective tenants, it is apparent that costs will have to be kept to the absolute minimum. Elsewhere such houses are being built for 12 shillings per sq. ft., and it is to be hoped that this will also be possible at Stellenbosch.

The Council accordingly resolved that immediate representations be made to the National Housing Commission for the allocation of a sub-economic loan of R80,000 for 100 dwellings, and that details of the scheme be worked out as soon as possible. I hope to have a personal interview with the chairman of the National Housing Commission in the near future about this matter.

**WIDENING OF BLERSCH STREET**

The Council has successfully negotiated with two private owners in Blersch Street for the purchase of their properties, and the approval of the Administrator is being awaited.

It will be recalled that this Street will become the main road link between Adam Tas Street and the Strand road, after being widened and extended across Dorp Street on the western side of the Canaris property. The properties on the eastern side of Blersch Street have to be purchased in order that the widening can be carried out. As Blersch Street will be a proclaimed main road, the scheme is subsidized 80% by the Provincial Administration.

**NEW APPOINTMENT**

Mr. P. P. du Plessis of Paarl has accepted the post of Administrative Clerk to the Stellenbosch Sanatorium. He was appointed in place of Mr. P. J. Hough who resigned to take up the position of Assistant Town Treasurer at Somerset West. Mr. Du Plessis commenced duties at the beginning of this month.

W. C. DEMPSEY



PRO EC.